Dinsdag **26 November**

**Skrifgedeelte: Josua 1:1-9**

**Fokusgedeelte: Josua 1:1-9**

**Troos in die herderlike sorg van die Here – God is by ons**

“Here, wees met ons.” So bid ons dikwels. Maar waarom bid ons dit? Is dit omdat die Here soms nie met ons is nie? Nog ’n lastige vraag: Hoe weet ons of die Here dan met ons is of nie?

In hierdie baie mooi persoonlike gesprek met Josua, hoor ons hoe die Here self vir Josua die versekering gee dat hy nie op sy eie is nie, en daarom ook nie die volk nie. Die opdrag kom duidelik: Gaan aan met die reis na die beloofde land.

Daar is groot troos in die ritme van wat die Here hier vir Josua sê. Hy herinner Josua daaraan dat Hy by Moses was, en dat dit ook vir hom so sal wees. Wanneer hy sou twyfel of bang word vir wat voorlê, wanneer dit dalk mag voel of hy alleen is, dan kan hy maar net onthou en terugkyk in die verlede, want daar is ’n ryke geskiedenis van God se nabyheid.

Verder kan hy getroos wees omdat sy opdrag groter is as hyself, God is besig om sy beloftes na te kom, en Josua is net instrument.

Hoe hy dit gaan regkry is ook nie onduidelik nie. Hou by die wet! Eers in sy persoonlike navolging en gehoorsaamheid aan God, maar dan ook in wat hy vir die volk sou sê. Alles moet gegrond wees in die wet en die wil van God.

Die laaste troos in hierdie ritme is dat die plek nie saak maak nie: “Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan.” God se troos is persoonlik, en strek oor grense en tyd!

So kom ons bid dan eerder: Dankie Here dat U by my is, soos U nog altyd was. Dankie vir die herinneringe van so baie gelowiges voor my.

*Sing: Psalm 42-1:1, 3*

*Ds. HV (Henning) Venter (Windhoek)*